

GELD 101

Tree stylvol af

DEUR KRISTIA VAN HEERDEN

As alles goed gaan, sal jy waarskynlik die laaste 30 jaar van jou lewe nie werk nie. Vandeesweek vind *Finweek* uit presies hoeveel jy behoort te spaar om jou deur die eerste werklose jare te dra en genoeg oor te hê vir 'n bietjie pret.

STAP EEN: DOEN DIE SOMME

Soos John Campbell, gesertifiseerde finansiële beplanner en uitvoerende hoof van Chartered Wealth Solutions, sê, is daar niks misterieus aan spaar vir aftrede nie. As jy kan bepaal wanneer jy vir aftrede begin spaar het, wanneer jy hoop om af te tree, en presies hoeveel geld jy sal benodig nadat jy afgetree het, kan jy uitwerk presies hoeveel om elke maand te spaar vir 'n gerieflike aftrede.

Hopelik kan jy vraag een en twee beantwoord, maar om die derde vraag te beantwoord, kan 'n bietjie ingewikkelder wees. "Om te bepaal van hoeveel jy elke maand sal leef, is jou huidige maandelikse begroting 'n goeie plek om te begin. Jy kan sien wat jou uitgawes elke maand is en dié verwyder wat jy nie ná aftrede sal hê nie, soos verbandleningsterugbetalings en kinders se opvoeding. Die meeste mense mik na 70% van hul finale salaris as 'n aftrec-inkomste. Dit gee jou 'n idee wanneer jy 'n doelwit stel van met hoeveel jy sal wil aftree," sê hy.

Dié berekening behoort jou te help bepaal hoeveel jy by aftrede sal benodig, maar dit beantwoord steeds nie die vraag hoeveel jy nou behoort te spaar nie. Michele Ongley, hoof vir institusionele sakeontwikkeling van 10X Investments, sê stygings in jaarlikse inkomste, bykomende inkomste, soos bonusse, jou loopbaan en of jy getroud is en hoeveel kinders jy het, sal alles beïnvloed hoeveel jy elke maand realisties gesproke kan spaar.

Daar is 'n aantal aanlyn sakrekenaars wat

jou kan help bepaal presies hoeveel jy moet spaar, maar Campbell gee dié model as 'n algemene reël:

Ouderom waarop jy begin belê:	25	30	35	40	45	50
% van salaris:	10	12,5	16	21	28	41

STAP TWEE: 15% IS GOUD


In Suid-Afrika kan tot 15% van jou inkomste belastingvry vir aftrede gespaar word, solank jy in 'n aftreeproduk belê. Die kontantinspuiting van die belastinggaarder is 'n groot aansporing om minstens 15% te belê. "Dit kan na 'n angswekkende syfer lyk, maar onthou dat mens belastingverligting op aftreefondsbesparings kry," sê Ongley.

"Daar word aanbeveel dat minstens 15% van jou bruto jaarlikse salaris van nieaftrede-finansieringsinkomste gespaar word, maar 20% sal aansienlik beter wees om voorsiening vir aftrede te maak. Dit is belangrik dat belastingaftrekkings so groot moontlik gemaak word wanneer daar vir aftrede gespaar word," sê Magnus Heystek jr., gesertifiseerde finansiële beplanner by Brenthurst Wealth Management.

STAP DRIE: BEGIN NOU

Die belangrikste bate wanneer jy vir aftrede beplan, is om jou geld tyd te gee om te groei. "Dit gebeur gereeld dat 'n afgetrede persoon 'n finansiële beplanner nader en vra: 'Hoeveel kan ek elke maand kry?'" sê Campbell. "Ek sal wil hê dat mense daardie vraag veel vroeër vra. As jy op 65-jarige ouderdom vra, is daar niks wat jy kan doen as die antwoord nie is wat jy nodig het nie. Vra die vraag veel vroeër as deel van die beplanningsproses en die kans is groter dat jy 'n antwoord sal hoor wat pas by die lewe wat jy vir jou ná aftrede voorsien."

Ongley stem saam dat om so vroeg moontlik vir aftrede te spaar, die omsigtig-



ste benadering is. "Hoe jonger en gouer mens begin spaar, hoe groter is die aftreepot," sê sy. "Einstein het die verskynsel van saamgestelde rente die agste wonder van die wêreld genoem."

Heystek voeg by dat die sleutelboudskap is om soveel moontlik te spaar, ongeag van waar jy in jou loopbaan- of jou beleggings-tydlyn is.

STAP VIER: BLY BELÊ

Min mense kan die versoeking weerstaan om te verkwis wanneer hulle 'n groot bedrag kry, maar vandag se pret kan 'n negatiewe uitwerking op jou lewensgehalte ná aftrede hê.

Ongley sê dit is noodsaaklik om deur die loop van jou loopbaan belê te bly. "Ons beland dikwels in die versoeking van marktydsberekening deur te bespiegel wanneer dit 'n goeie tyd is om te belê en tussen bateklasse te wissel," sê sy. "Die gevaar vir 'n belegger is om nie genoeg geld te hê om mee af te tree nie, nie korttermyn-markwisselvalligheid nie. Oor 40 jaar verteenwoordig korttermyn-wisselvalligheid bloot 'n beter geleentheid om meer te belê. Byvoorbeeld, as markte daal,

koop jou maandelikse hydraes effektief meer eenhede in jou beleggingsportefeulje."

Ongley sê as jy van loopbaan verander en 'n uitbetaling van jou aftreefonds ontvang, is dit noodsaaklik dat jy nie jou aftreespaargeld as kontant ontvang nie. Sy gee die volgende belastingvrye alternatiewe:

1. Dra jou fondskrediet na jou volgende werk-gewer se pensioen- of voorsorgfonds oor.
2. Bewaar jou fondskrediet by 'n gerekende onderneming.
3. Koop 'n aftreefondsannuïteit.

STAP VYF: HOU KOSTE DOP

Oor 'n lang tydperk tel saamgestelde rente in jou guns. Namate jou belegging groei, verdien jy geld op die geld wat jy verdien het. Ongelukkig is dit ook op gelde van toepassing. 1% van R500 is R5, wat jy waarskynlik kan bekostig. Maar as die R500 wat jy elke maand spaar, R50 000 word, is 1% skielik baie geld.

"Koste is geweldig belangrik, en jy moet aandag gee aan alle koste wat met jou beleggings en besparing verband hou," sê Ongley. ■

terugvoer@finweek.co.za



Michele
Ongley

"HOE JONGER EN
GOUER MENS BEGIN
SPAAR, HOE GROTER IS
DIE AFTREEPOT."

